

Vrydag 2 Julie

Skrifgedeelte: Obadja:9b-14

Fokusgedeelte: Obadja:10

Verkondigers van die evangelie!

Ons het gister gesien hoe die dag van die Here, die groot en verskriklike dag (Joël 2:11), gekom het oor sy eie onbekeerlike volk (en die Ou-Testamentiese volk is die Here se kerk in die Ou Testament, sodat ons dit moet toepas nie op aardse nasies nie, maar op die kerk!). Maar dit beteken nie die nasies, die vyande van God gaan skotvry kom nie! Al was Juda self die oorsaak van sy val deur sy oppervlakkige en ritualistiese godsdiens, sy eie onheilige lewenswyse, beteken dit nie dat die nasies wat God verwerp, of deur wie die onheil oor die Godsvolk kom, sal vrykom nie. Inteendeel. Jesus vertel self van die oordeelsdag (Matt. 25:32, 33) en só ook die boek Openbaring, wanneer elke persoon se lewe voor God oopgemaak sal word (Op. 13:8; 17:8).

In Obadja val die klem op één van die vyande van God wat tot 'n val sal kom. Die volk is pas in ballingskap geneem deur die Babiloniërs, maar hulle “broervolk” (vs 10) het geen empatie en simpatie gehad op daardie dag nie. Inteendeel! Hulle het hulle verlekter (vs 12) in die val van Jerusalem, en na die vyand se oorwinning het hulle selfs die stad binnegegaan en besittings uit die puin vir hulleself geneem (vs 13). Selfs toe die ballinge na Babel begin stap het, het hulle op die kruispaaie gaan staan en daardie ellendige groep bannelinge nog verder help doodmaak en dié wat probeer vlug het, uitgewys aan die Babiloniërs (vs 14).

Hierdie “broersvolk” was Edom, die nakomelinge van Esau, Jakob se tweelingbroer. En ons weet hoe Esau God geminag het en sy eersgeboortereg verkoop het (Gen. 23:33; Heb. 12:6). Die vyandskap (tussen die twee volke) het daarna voortgegaan, en ons lees in Romeine 9:11–13 dat God Jakob liefgehad het, maar Esau gehaat het. Esau se nageslag het in broederhaat volhard, en daarom sal God hulle straf (Obadja:6, 8, 9, 10b, ens.).

God beveel broederliefde (Lev. 19:18; Mark. 12:31). Dit is omdat selfs ons, God se kinders, daarin faal dat die “dag van die Here” uiteindelik op Jesus Christus toegesak het! Daardie dag, op Golgota, het God se straf op Jesus geval, sodat God se kinders veilig kan wees op die lááste “dag van die Here”, wat aanbreek met die wederkoms van Jesus. Dan word sy kinders nuut gemaak, maar val God se wraak oor alle onbekeerdes en hulle wat sy genade verwerp het!

In die wêreld waarin ons leef, is ons dus nie deel van die koor wat wêreldse haat en wraak soek nie, maar evangelieverkondigers wat 'n hart het vir ons broers en susters wat nog nie God se liefde leer ken het nie!

Sing: Psalm 138–1:1, 4

Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)